

Dinsdag, 28 April 2020

Eienskappe van materiale

Onverwerkte en verwerkte materiale het verskillende eienskappe. Voel die mou van jou hemp. Dit is sag. Dit is maklik om te beweeg, so dit is buigbaar. Ons sê jou hemp se mou is sag en buigbaar. Kennis omtrent die eienskappe van materiale help wetenskaplikes en ingenieurs om nuwe gebruike vir materiale te ontwerp.

Eienskappe van materiale

Daar is baie eienskappe van onverwerkte en verwerkte materiale.

- **Hard of Sag:** Die agterste deel van 'n pen is hard. 'n Pen kan 'n gat in 'n stuk papier maak. Papier is sag.
- **Styf of Buigbaar:** 'n Houtliniaal is styf. 'n Plastiekliniaal is buigbaar.
- **Sterk of Swak:** 'n Stuk tou is sterk. 'n Stuk gare is swak.
- **Lig of Swaar:** 'n Lessenaar is swaar. 'n Stoel is lig.
- **Waterdig of Absorberend:** 'n Reënjas is waterdig. Dit hou water uit. 'n handdoek droog water op. Ons sê 'n handdoek is absorberend.

Aktiwiteit 2:

Teken die tabel in jou werkboek oor jou tabel moet na hierdie opskrifte nog 10 lyntjies af wees waar jy die volgende materiale gaan invul: glas, leer, keramiek, materiaal (klere), hout, plastiekkoppie, papier, tou, goud, yster. Hieronder is 'n voorbeeld van hoe jy dit moet doen.

Materiaal	Hard of sag	Styf of Buigbaar	Sterk of Swak	Lig of Swaar	Waterdig of absorberend
Plastiekkoppie	hard	buigbaar	swak	lig	waterdig

Memo

Aktiwiteit 2: 28 April 2020

Materiaal	Hard/Sag	Styf/Buigbaar	Sterk/Swak	Lig/Swaar	Waterdig/Absorbeerend
Glas	Hard	Styf	Sterk	Lig	Waterdig
Leer	Sag	Buigbaar	Sterk	Lig	Waterdig
Keramiek	Hard	Styf	Sterk	Lig	Waterdig
Materiaal (klere)	Sag	Buigbaar	Swak	Lig	Absorberend
Hout	Hard	Styf	Sterk	Swaar	Waterdig
Plastiekkoppie	Sag	Buigbaar	Swak	Lig	Waterdig
Papier	Sag	Buigbaar	Swak	Lig	Absorberend
Tou	Sag	Buigbaar	Sterk	Lig	Absorberend
Goud	Hard	Styf	Sterk	Swaar	Waterdig
Yster	Hard	Styf	Sterk	Swaar	Waterdig